


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Februarie 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 1




## KITSNUUS

⊕ Lees meer binne

Brand terugvoer
*Bl 2*

Dr. Ethel en kruie
*Bl 3*

Spies vir Burgemeester
*Bl 3*

Menings: Inwonertal
*Bl 4*

Gemoedsversteuring
*Bl 5*

Kursus: Diensdialoog
*Bl 5*

Derrick storm voort
*Bl 7*

Helga Roets land
*Bl 10*

Ink skryfkompetisie
*Bl 11*

Sportgids
*Bl 12*

Skyf in: Vasbyt
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**

060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Nuwe horisonne vir gemeenskapsgesondheid

## Die uitbou van mediese dienste in Orania

Dia van Staden



Foto: Dia van Staden
**Direksie... Voor staan Connie Marx, Karin Bain en Carine Strauss. Agter hulle is Jannie Roux, Arno Lambrechts, Willie du Plessis en dr Lardus Erasmus wat deel vorm van die direksie vir die Orania Gesondheidsorg MSW**

Die volhoubaarheid van enige groeiende gemeenskap berus op die kwaliteit van sy basiese dienste, met gesondheidsorg as een van die belangrikste pilare. Vir lank was die tekort aan plaaslike mediese geriewe 'n rede waarom inwoners Orania verlaat het, maar onder leiding van, onder andere Jannie Roux, Karin Bain en die span agter www.oraniagesondheid.co.za, is daar nou 'n doelgerigte verskuiwing na 'n selfstandige en omvattende gesondheidsplatform. Hierdie nuwe digitale tuiste dien as 'n sentrale navorsingspunt waar elke spesialis hul besonderhede verskaf het om 'n volledige databasis vir die gemeenskap te skep. Onder die nuwe toevoegings tot die Orania Mediese Sentrum, wat as 'n privaatmaatskappy funksioneer, is die tandarts dr. Jaco Meij, wat voorheen in Botswana en Pretoria gepraktiseer het. Hy word ondersteun deur Connie Marx as praktykbestuurder, terwyl dr. Lardus Erasmus beskikbaar is vir konsultasies (insluitend beserings aan diens) op spesifieke tye gedurende die week en Saterdae.

Dr Lardus Erasmus vertel dat dié mediese diens 'n belangrike trekpleister vir nuwe inwoners sal wees en dat hy en die span op kwaliteit diens sal fokus sodat dit bydra tot Orania se groei en vooruitgang.

Die uitbreiding stop nie by algemene praktisyns nie. Hannekie Verwoerd bied dienste as spraakterapeut aan, terwyl Yoraldé Grotius as arbeidsterapeut by die span aansluit. Vir diegene wat bloedtoetse benodig, is suster Mariska Boshoff en Carien Strauss op vasgestelde tye gedurende die week beskikbaar. Hierdie verhoogde kapasiteit by die Mediese Sentrum het 'n positiewe impak op die plaaslike kliniek, aangesien dit die druk verlig deur pasiënte met mediese fondse of hospitaalplanne na private praktisyns te kanaliseer.


Nooddienste het ook 'n groot hupstoot gekry deur die samewerking met ROCKETConnect. Susan Coetzer van Eureka Ambulansdienste tree op as ambassadeur in Orania om lug- en padambulansdienste te koördineer. Inwoner word aangemoedig om via die webblad by hierdie lewensbelangrike diens aan te sluit.

'n Opwindende nuwe inisiatief is die stigting van 'n gemeenskapsgesondheidsfonds wat op die konsep van 'n stokvel gebaseer is. Onder die voorsitterskap van Jannie Roux en ondervoorsitter Willie du Plessis, is die lidmaatskap van dié hulpfonds gefinaliseer. Die mediese bydraes beloop ϕ300-00 per individu, ϕ420-00 per egpaar en ϕ560-00 per gesin. Die Helpmed Hulpfonds is 'n vrywillige gemeenskapsgesondheidsfonds wat deur Orania Gesondheidsorg MSW gestig is om Oraniërs in tye van mediese nood by te staan deur middel van mediese ondersteuning. Helpmed Hulpfonds is nie:

- 'n mediese fonds nie
- 'n versekeringsproduk nie
- 'n vervanging vir mediese dekking nie

Orania Gesondheidsorg MSW is 'n maatskappy sonder winsbejag wat ten doel het om volhoubare, toeganklike en gehalte gesondheidsorg vir Oraniërs te verseker. Die Vriende van Orania kan inwoners, uitwoners of belangstellendes insluit wat wil bydra tot die uitbou van gesondheidsorg in Orania. Deelname aan hierdie stelsel, teen 'n bydrae van ϕ200 per persoon per maand via die Orania Spaar en Krediet (OSK rekening GO234), word gesien as 'n gedeelde verantwoordelikheid om Orania se toekoms te verseker. In Orania neem ons self die verantwoordelikheid vir die dinge wat vir ons mense saak maak – en gesondheid is een van die belangrikstes. "Daar is gereelde geleenthede wat vir 2026 in Orania beplan word waarvoor mediese dienste beskikbaar moet wees," vertel Karin Bain aan Koerania.

Ten spyte van hierdie vordering, bly daar behoeftes, veral aan geregistreerde sielkundiges en verpleegsters wat na-ure hulp kan verleen. Met inisiatiewe soos die skoleprogram en 'n beplande Vrouegesondheidsdag in Maart vanjaar, is dit duidelik dat Orania Gesondheidsorg verbind is tot 'n holistiese benadering vir die hele dorp. Die Orania kliniek kon tot dusver nie aan die groot behoefte van 'n skoleprogram voldoen nie, aangesien daar net te veel pasiënte is wat hanteer moet word. Die Orania Gesondheidsorg het 'n plan beraam om aan dié behoefte te voldoen deur suster Tilla Wiid en 'n werknemer van gesondheidsorg in te span vir dié belangrike taak. Orania Gesondheidsorg lewer saam met die Departemente van Gesondheid, Basiese



Jannie Roux het vir jare die droom van so 'n privaat gesondheidsinisiatief nagejaag. Op Dinsdag 17 Februarie het die dag gekom waar dié droom tot uitvoer kon kom

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden Grafiese ontwerp: STORM SAGTEWARE redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur




# Erfgoed is swerfgoed

Oppak is nie maklik nie. Om van jou persoonlike goed (of erfgoed) ontslae te raak is 'n traumatiese ervaring.
Jy kan hoeveel keer vir jouself sê: "Dit is aardse goed!" Dit maak nie die trane, hartseer, gevoel van verlies of afskeid, minder nie.
Dit is vervlaks seer om sentimenteel te wees! So het ek die afgelope maande begin sorteer. My goed. Ma se goed. Ouma se goed. Tannie se goed. Pa se goed. Lizette se goed. Familiegoed.
Om te minimaliseer verg durf! Dit is makliker om te sê, want die uitvoering daarvan blyk 'n perd van 'n ander kleur te wees. Ek het met die voor die hand liggende goed begin wat deur 'n volgende persoon gebruik sou kon word. Skryfbehoeftes! Moet nooit iemand glo wat sê dat dit maklik is om skryfbehoeftes te sorteer nie. As jy elke pen wil toets of hy nog skryf en daar is byna 200, dan is dit nie 'n "vinnige" taak nie.
Daar gaan ure se dink in terwyl die proses homself afspeel. Elke pen, elke skryfsel, elke boekie en elke houer het 'n unieke storie. Jy word nie die wipplank van emosies gespaar gedurende die proses nie.
Foto's en geskrewe memoirs is die ergste! Diep gewortelde emosies word omgekrap terwyl daar onafwendbaar in die verlede se onthou gedelf word. Dit is 'n seer, en soms 'n mooi en lekker, wat elke individu sekerlik uniek ervaar. Maar ai, wanneer jy 'n pak foto's van ouds in die hand neem en dit na nuwe hopies begin sorteer, val die jare weg en verplaas 'n foto jou terug na daardie oomblik, daardie dag, daardie jaar en daardie era. Dit is 'n sommerso werk nie!
Meubels en elektriese toestelle word byna vir laaste gelos, want jy moet iewers sit en daar moet nog kos gemaak word.
Terwyl die bokse en sakke met klere en goeters in se hopies hoër word verkyk ek my aan dit wat ek oor jare versamel het. Goeters kan jou vashou en terughou! Ek wil vry wees van goed.
My nuwe jaar se voorneme: "Ek wil kan beweeg sonder verwyt en sonder spyt."
Skink nog koffie, want die winter begin sy kop uitsteek en daardie boeretroos moet nou sy werk doen!

vervolg vanaf bladsy 1...

Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling gesondheidsdienste aan leerders by skole in Orania as deel van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram.
Die skoolgesondheidsdienste mag die volgende insluit:
1. Algemene gesondheidsondersoeke (liggaam, oë, ore, tande, geestesgesondheid, TB en ander toestande)
2. Ontwurmingsbehandeling (Grade R–7) – een tablet wat gesluk word
3. Immunisering teen masels, polio, tetanus en difterie
4. Immunisering teen die Menslike Papilloomvirus (HPV), wat servikale kanker kan veroorsaak (Graad 5 meisies, nege jaar en ouer)
5. Behandeling van algemene gesondheidsprobleme waar nodig (bv. wurms, skurfte, luise)
6. Gesondheidsvoorligting
Burgemeester, Lida Strydom merk op: "By die Orania Gesondheidsentrum gaan ons vorentoe in vryheid, met verantwoordelikheid. Ek is dankbaar vir die toevoeging tot mediese dienste vir ons dorp en sy mense."
Kontak Orania Gesondheidsorg
e-pos: admin@oraniagesondheid.co.za te Besoek: www.oraniagesondheid.co.za vir volledige inligting en om die toep af te laai.
Volg hul aktiwiteite deur op die skakel https://www.facebook.com/OraniaGesondheidsorg te klik.

**Dr. Lardus Erasmus sal op Dinsdae, Woensdae en Vrydae vanaf 09:00 tot 17:00 dienste lewer en op Saterdae vanaf 09:00 tot 12:00.**



**Karin Bain het inligting gedeel oor die tye wanneer dr Lardus Erasmus by die spreekkamer beskikbaar sal wees.**

## ORANIADAGBOEK

**Februarie**
20 Manneaand
24 Kleure Pretstap
27 Majubadag (BKO)
Orania Helpmekaar Vasbyt

**Maart**
8 Stap vir Jesus

**April**
3 Goeie Vrydag
3 – 6 o/25 Bokkieweek
6 Paas Maandag
6 Stigtingsdag (OAB)
9 AJV Orania Sakekamer
10 Bekendstelling van nuwe Ora-reeks
30 April – 2 Mei Orania Helpmekaar Vasbyt

**Mei**
14 Hemelvaart
31 Bittereinderdag (FAK/OOM)

RUBRIEK Die Wynvlieg waai in

# Groei, wat fluister...

– Wynvlieg Woltemade

Wynvlieg tel koppe, maar hoor tasse pak. Hier is 'n snaakse ding van getalle: hulle praat hard, maar hulle sê nie altyd alles nie. Die Dorpsraad sê daar was 2 903 inwoners in Desember. Dis glo 4% minder as die jaar vantevore. Maar, terselfdertyd, nog steeds meer as ooit tevore... Groei én krimp, alles in dieselfde asem?
Wynvlieg is nie goed met wiskunde nie, maar ek is goed met luister, en wat ek hoor, tel nie op 'n sensusvorm nie.
Ek sit in koffiewinkels hier in Orania en hoor hoe mense sagter praat as gewoonlik.
"Ek hoor hulle het vir die Amerikaanse vlugtelingprogram aansoek gedoen."
"Ja... en daai een se kinders ook."
"Maar moet dit nie herhaal nie."
Dis nie meer net skinder nie. Dis amper 'n tweede sensus.
Een wat nie vra: Wie het hier aangekom? nie– maar: Wie maak reg om te gaan?
Ons noem dit nie op vergaderings nie. Dis nie in kennisgewings nie.
Maar dis daar. Tussen koffie en koeksisters. Tussen trots en trane en planne.
Wat my pla, is nie dat mense dit oorweeg nie. 'n Mens moet doen wat jy glo reg is vir jou en jou kinders.
Wat my pla, is dat ons maak asof dit nie gebeur nie, en dat daar fout is met die wat wil gaan.
Terselfdertyd groei ons dorp? Kom ons wees net eerlik.
Ons vier 36 nuwe babas, en dis reg so. Dis hoop. Dis lewe. Maar ons praat nie oor die gesinne wat stil-stil dokumente invul nie. Die kamers wat leeg raak nie.
**Die vriende wat skielik net "vir eers" groet nie. Dis asof ons net die aankomste aankondig, maar die vertrekke fluister...**
**En nog snaakser: dié wat die hardste sê "ons mense vlug nie", is soms die wat die meeste vrae vra oor hoe. Nie omdat hulle swak is nie. Omdat hulle mens is.**
**Want sien, dis nie maklik om tussen droom en werklikheid te leef nie.**
**Tussen 'n plek wat jy liefhet, en 'n wêreld wat jou kinders roep nie.**
**Maar hoekom kan ons nie eerlik daaroor praat nie. Hoekom fluister ons oor iets wat duidelik hard genoeg bestaan?**
**'n Dorp groei nie net met geboortes nie. Hy groei met eerlikheid. En as ons net die mooi syfers vier, maar die moeilike waarhede vermy, dan groei ons dalk... maar skeef.**
**Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek sit op Bielie die Bouer se bord en kyk hoe die getalle vorentoe wys, maar die spore in die stof soms anderkant toe loop.**
**En ek wonder of die ware telling nie dalk lê in wat ons nie hardop sê nie.**

**Kontak Koerania indien jy redaksionele bydraes wil lewer:**
**redakteur@koerania.co.za**

# Kuierstoepbrand terugvoer

Verslag nog onvolledig na brand by Kuierstoep
Volgens Niel de Klerk, Hoof: Ontwikkeling en Belegging by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, is die versekeringsmaatskappy nog besig om die skade van die brand van geboue by die Kuierstoep, te kwantifiseer. Dit is nog onbekend hoe die brand op 12 Januarie ontstaan het.
Die ondersoek het begin met 'n struktuuringenieur wat die terrein besoek het en 'n verslag oor die skade saamgestel het. Die ingenieur is van mening dat 'n gedeelte van die gebou tot op vloervlak gesloop moet word. Hy het aanbeveel dat gedeeltes van mure behoue kan bly, maar dat die dak vervang moet word en dan die res van die vloere wat vervang moet word. Daar is bykomende kosmetiese herstelwerk uitgewys.
Daardie verslag is na 'n bourekenaar gestuur wat 'n hoeveelheidslys opgestel het wat ooreenstem met die struktuuringenieur se verslag. Hierdie hoeveelheidslys is Maandag, 16 Februarie, deur die assessor na plaaslike kontrakteurs toe versprei wat versoek is om daarop te tender.
Sodra die assessor die kwotasies ontvang sal die skade in randwaarde bepaal word, waarna die versekering die eis finaal sal kwantifiseer en 'n uitbetaling aan Gousblom, eienaar van die gebou, sal voorlê.
Die tenderproses en finalisering van die eis behoort volgens Niel tussen 6 en 12 dae te duur.





# Van die Stetoskoop na Kruie

## Dr. Ethel Bekker se reis na natuurlike genesing en die krag van die menslike battery

Dia van Staden - Redakteur



Ethel Bekker is 'n 68-jarige gekwalifiseerde mediese dokter wat haar MBChB-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf het, maar sy het sedert Junie 2025 haar rug op konvensionele medisyne gedraai om haar uitsluitlik op natuurlike gesondheid toe te spits. Volgens haar bestaan daar nie iets soos chemiese gesondheid nie, aangesien slegs die natuur die vermoë het om ware welstand te bewerkstellig. Hierdie oortuiging het daartoe gelei dat sy na die afsterwe van Annemie Becker en op versoek van Fanus Becker, deel geword het van Betesda Gesondheidshuis. In hierdie ruimte bied sy raad en kruie-gebaseerde oplossings aan mense wat op soek is na genesing buite die tradisionele sisteem. Sy is steeds geregistreer as 'n algemene praktisyn, maar spesialis wat in 2012 alle bande met chemiese middels verbreek het omdat dit die liggaam se inherente potensiaal vernietig. Sy put ook inspirasie uit die haar missie is nou om pasiënte te begelei om die mediese sisteem te verstaan en eerder natuurlike middels te vertrou, aangesien sy glo dat feitlik enige toestand – selfs akute infeksies – deur die natuur genees kan word. Haar wêreldbeskouing word sterk beïnvloed deur internasionale figure soos Dr. Zack Bush, 'n voormalige trippel-spesialis wat in 2012 alle bande met chemiese middels verbreek het omdat dit die liggaam se inherente potensiaal vernietig. Sy put ook inspirasie uit die navorsing van Dr. Peter McCullough, Dr. Bryan Ardis en Dr. Robert Malone, asook die bekende Dr. Barbara O'Neill.

Dr. Bekker waarsku ouers ernstig teen die inenting van kinders en onnodige mediese ingrepe wat sy as skadelik beskou. Sy glo dat die moderne mediese kurrikulum gekaap is deur belange wat terugstoor na 1911, toe die Rockefeller-stigting die mediese skole herontwerp het om voeding en natuurlike genesing uit te skakel ten gunste van petrochemiese farmaseutiese produkte. Volgens haar is baie medisyne bloot saamgeperste afvalstowwe wat die mensdom siek maak eerder as gesond.

In die hart van haar filosofie lê die konsep dat die menslike liggaam 'n lewendige, elektromagnetiese battery is. Vir hierdie "battery" om optimaal te funksioneer, is slegs suiwer water en minerale soute nodig. Sy beklemtoon dat dit nie gewone tafelsout met chemiese bymiddels moet wees nie, maar natuurlike soute wat die liggaam se elektriese stroom ondersteun en die selfgenesende vermoë aktiveer sonder die behoefte aan duur aanvullings. Sy waarsku spesifiek teen energiedrankies, wat sy beskou as 'n groot oorsaak van hartprobleme by jong mans omdat dit energie "steel" deur die hart stadig te vernietig. In plaas daarvan bepleit sy die gebruik van natuurlike bronne soos rou beesmelk, wat volgens haar en Dr. Bush noodsaaklik is vir 'n gesonde dermflora.

Dr. Bekker moedig ouers aan om hulself te bemagtig met basiese kennis oor hoe die liggaam werk sodat hulle self alledaagse kwale soos naarheid of asemhalingsnood by babas tuis met homeopatie of kruie kan hanteer. Sy glo dat kroniese siektes nie 'n lewenslange vonnis hoef te wees wat konstante monitering vereis nie; deur balans in die liggaam te herstel met natuurlike middels, is volkome herstel byna altyd moontlik. Sy maak ook gebruik van tegnologie soos die Hunter- en Kwantum-skandeerders, wat gebaseer is op die frekwensie-beginsels van Royal Rife, om toestande te diagnoseer en te behandel deur middel van impulse. Haar uiteindelike doel met Betesda is om mense te bevry van die slawerny van vrees en finansiële afhanklikheid van die mediese industrie, sodat almal die vryheid kan hê om te kies vir 'n hoër lewenskwaliteit deur die waarheid van natuurlike genesing.

Foto: Dia van Staden
Betesda is nou dr. Ethel Bekker se toevlugsoord vir natuurlike genesing en die herstel van die liggaam se elektriese balans.

Betesda Gesondheidshuis
Gesondheidsprodukte • Behandeling • Inligting

# Willie slyp sy politieke stem

- Dia van Staden

**het by Willie Spies in sy nuwe kantoor in Groenkloof, Pretoria, gaan inloer. Hulle het oor alles en nog wat gesels, maar sy aanspraak op die burgemeestersrol van Pretoria het voorrang geniet.**

1. *Wat het jou oortuig om die nominasie te aanvaar?*
Ek glo dat dit nodig is dat die Afrikanerstem weer in die politiek duidelik gehoor word. Ek het dit die afgelope 16 jaar buite die politiek en in die howe gedoen. Die partypolitiek bring egter weer geleenthede om ons saak in raadsale gestel te kry.

2. *Watter 3 sterk eienskappe van jou sal tot jou voordeel strek in die verkiesing?*
Geloof in ons Hemelse Vader, hoop op 'n beter toekoms en liefde vir ons land en volk staan vir my uit.

3. *Wat oorweeg jy om verder te ontwikkel, sodat jou kanse nog sterker sal wees?*
Ek beoog om my sosiale media vaardighede en die maak van video's verder te ontwikkel.

4. *Hoe beïnvloed dié geleentheid familietyd?*
Ek en my vrou maak nou spesifieke afsprake vir kuiertyd. Ons hou daardie afsprake en doen moeite daarmee. Dieselfde geld vir die kinders, wat almal al op universiteit is of reeds werk.

5. *By watter ander rade of organisasies is jy as 'n bestuurslid betrokke?*
a. Was byna twee termyne op die Gautengregspraktisynsraad waar ek prokureurs verteenwoordig het;
b. Was een termyn op Tukkies se raad;
c. Was jare lank by Tukkies se Alumniraad betrokke;
d. Betrokke by die Raad van die Orania Beweging;
e. Dien op die direksie van Helpende Hand Sake;
f. Is 'n direkteur in my prokureursfirma Hurter Spies Ingelyf.

6. *Daar is nog 'n paar maande voordat die verkiesing in November geskied. Waarop sal jy jou toespits gedurende die volgende paar maande?*
Ek sal kwessies wil identifiseer wat belastingbetalers in Pretoria en omstreke se lewe moeilik maak en oplossings daarvoor probeer vind.

7. *Hoe hoop jy om kiesers te oortuig om vir jou te stem?*
Ek gaan eerlik wees! Ek glo in wat ons doen en ek gaan hard werk.

8. *Watter struikelblokke moet jy uit die weg ruim om persoonlike sukses te bereik?*
Elkeen van hulle, soos hulle opduik, want die lewe bly 'n aanhoudende proses van leer.

9. *'n Boodskap aan die kiesers?*
Werk, bid en stem. Die enigste gemorste stem is een wat nooit uitgebring is nie of vir 'n party wat nie jou waardes deel nie.

**Om die eerste burger van 'n stad te wees verg geloof, moed en oortuigingskrag.**


Willie Spies en Dia van Stadaen



# KLEIN REUS SE NIGGIE EN NEFIE BEDIEN FAMILIES 🎀

Dia van Staden


Lia Wolhuter

Kleinreus se niggie het haar deure op 1 Oktober 2021 geopen. Dit was aanvanklik net 'n winkel vir damesklere, maar die behoefte aan mansklere het daartoe gelei dat hul in Junie 2022 die mansafdeling bygevoeg het.
Die behoefte aan 'n klerewinkel in Orania was duidelik. Veral een wat iets het wat goeie kwaliteit klere aanhou wat teen 'n bekostigbare prys verkoop word. "Die doel was dat almal by die nuwe winkel moes baat en daarom was 'n verskeidenheid voorraad belangrik," vertel Lia Wolhuter, bestuurder van die winkel.
Dié winkel bedien 'n wye reeks ouderdomme vanaf baba tot 60-plussers. Die ouderdomgroep van 30 tot 60 is baie lief daarvoor om ons winkel te besoek en hul aankope te doen. 'n Groot aantal verskaffers vanaf Johannesburg, Durban, Kaapstad en byna regoor Suid-Afrika maak deel uit van ons unieke voorraad.
"Gemaklike, loslit en praktiese klere bly maar gewild," sê Lia. Aangesien almal hul eie arbeid in Orania aanpak is gemaklik en praktiese klere 'n werkbare oplossing. Wanneer 'n kliënt na 'n meer semi-formele of selfs formele funksie op pad is, kan Klein Reus se niggie beslis opsies moontlik maak.
Lia sê: "Ek glo ons voldoen aan die algemene versoeke van ons kliënte. Dit is vir ons belangrik om gehoor te gee daaraan, want dit is tog die rede waarom ons hier is. Om 'n behoefte te vul."
Toe eienaar, Hannetjie Fouché en Lia begin planne beraak om die styl van die winkel aan te pas, het die pragtige idee van die blou bank ontstaan. Hulle wou 'n snoesige atmosfeer skep, en dié spasie is nou 'n gewilde kuierhoekie vir oud en jonk.
Die mans maak gereeld van die bank gebruik om die dames kans te gee om rond te snuffel, mammas met kleintjies, en soms net om 'n tweede asem te kry vir die inkopietog.
Dit is vir Lia belangrik dat elke kliënt 'n aangename ervaring het. Meer as dit, dat elkeen beleef dat hul behoeftes gehoor word. Elkeen moet weet dat hul vir haar 'n prioriteit is en moet tuis voel vir 'n heerlike koopervaring.

Winkelure is Maandae tot Vrydae 08:00 tot 17:30 en Saterdae 08:00 tot 13:00.
Kontak die winkel by 072 810 3411 of besoek hulle by Saffierstraat 84, Orania.

Sosiale media skakels
Facebook:
https://www.facebook.com/kleinreusorania/

Whatsapp kanaal:
https://whatsapp.com/channel/0








# MENINGS OPNAME Inwonertal


'n Kennisgewing wat onlangs deur die Orania Dorpsraad versprei is bevestig dat die sensusopname van 2025 'n afname in die inwonertal van Orania toon. Waarom gebeur dit en hoe kan dit omgedraai word?


Derick Smit

Heelwat nuwe inwoners kom na Orania in nood en as 'n laaste uitweg, maar hier loop hulle hulself vas in 'n paar wrede ontnugterings nl:
a. In Orania kan hulle nie noodwendig noodwendig dieselfde tipe werk met dieselfde salarisvlak kry waaraan hulle gewoond is/was nie.
b. Salarisse in Orania is relatief laer as elders.
c. Behuising is duur en so ook die diensterekeninge.
d. Soms moet ouer mense fisiese harde handearbeid gaan verrig net om te oorleef en sukkel daarmee.
Die verblyfsregpaneel laat baie mense toe wat soms 'n maatskaplike las vir die samelewing is en word uiteindelik van hul verblyfreg ontneem. Die vlugtelingprogram van die VSA het heelwat Oraniërs gelok en kundigheid het die dorp verlaat. Ek weet van 'n gesin (goed gekwalifiseerd) wat in 'n tent langs die rivier moes gaan bly omrede hulle nie werk kon kry nie en so ook nie behuising kon bekostig nie.


Raymond van Tonder

'n Jongmens wat hier 'n begin wil maak - kan nie - geleenthede te min, inkomste te klein. Meeste werksgeleenthede is fisies terwyl ons in 'n rekenaarera leef - wat blootstelling vir die groter mark beperk. Salarisse is klein - hier is R10,000 'n groot inkomste - wat dek jy met dit? Hoe leef jy met nog minder as dit? Baie mense het al gekom vir 'n nuwe toekoms met sterre in hulle oë net om uit te vind hulle leef op hulle spaargeld sonder noemenswaardige kapitale aanvulling en verlaat Orania slegter af as wat hulle was voordat hulle hier aangekom het. Vaste werk met 'n kontrak is skaars - meeste is tydelik - gevolglik is afleggings onvoorspelbaar - veral oor Desember - nuwe spanne word in Januarie aangestel sonder 'n Desember salaris - hoe lank is Januarie sonder geld. Geen aansporing vir Entrepeneurs of ontwikkelaars nie - uitgangspunt is - besighede wat destyds begin is was nie gehelp nie en hulle het dit gemaak - ons kan nie nuwe besighede help nie - dis onregverdig - dit terwyl besighede in sommige plekke in die land aangemoedig word en self belastingtoegewings van jare kry net om op die been te kom - hier moet 'n ontwikkelaar die perseel koop, dienste en toegang voorsien voordat die persele verkoop kan word - perseelpryse styg gevolglik en verkope stagneer - die ontwikkelaar wag jare vir sy "return on investment" en indien die ontwikkeling op skuld gedoen was is die ontwikkelaar onderdeur - hy sou beter doen deur sy geld te belê.
Te min voete maar ons droom van stadstatus - hoe bereik ons dit met bg. in ag geneem? Ons is 'n plattelandse dorp met wêreldwye erkenning wat eers as sulks ontwikkel moet word - dienste soos grondpaaie, randstene, dreinering en straatligte gaan baie kapitaal vereis. Mediese dienste - 'n groot vereiste vir nuwe en huidige inwoners - afstande te vêr Kimberley en Bloemfontein toe - nuwe mediese stelsel kan dalk verligting bring. Veiligheid, skoon lug, vars drinkwater, gewaarborgde kragvoorsiening en goeie onderrig wat ons dorp laat uitstaan is steeds te min om mense te lok - sonder aansporings bly ons groei beperk.


Ludwig Everson

Tot 2024 het Orania se groeivoorspelling 10,1% per jaar gewys. Teen 2037 sou ons ongeveer 10 000 mense wees. In 2025 het die inwonertal met 4% gedaal. Nou is groeivoorspelling 5,7% en ons sal 10 000 wees teen 2049. Die goeie nuus is: ons gaan nog steeds daar kom, maar die vraag is: sal dit betyds gebeur?
Suid-Afrika se ekonomiese groei het verdubbel van 2023 tot 2025 na 1,3%. Daarby oorweeg baie Afrikaners die Verenigde State se spesiale vlugtelingprogram – meer as 1 500 mense het al soontoe gegaan. Selfs sommige Oraniërs dink daaraan. Beide dié redes hou mense terug om Orania te oorweeg.
Ek glo Orania is vir alle Afrikaners wat glo aan selfbeskikking. Om te groei, moet ons die mense welkom laat voel en geleenthede vir hulle skep.
Hoe kan ons dit doen?
– Help nuwe mense om in te burger en ons kultuur te verstaan.
– Skep aanlyn-werk of aanlyn-besighede om jong mense aan te trek.
– Bou voorafvervaardigde huise saam met ander
Orania se sukses begin in ons dorp, maar kan uitbrei tot by die Weskus. Saam kan ons dit laat werk en 'n positiewe toekoms bou.

# Seisoenale gemoedsversteuring bestaan wel

- Dia van Staden

Dr. Karlien Erasmus, 'n voorligtingsielkundige verbonde aan Erasmustherapy in Pretoria, werp lig op 'n verskynsel wat baie mense onkant vang: gemoedsdepressie wat vroeg in die nuwe jaar kop uitsteek. Hoewel neerslagtigheid algemeen aan die einde van 'n jaar ervaar word weens uitbranding, skep die oorgang van Desember se vakansievreugde na die koue realiteit van Januarie dikwels 'n emosionele insinking. Die kontras tussen die warmte van familiedinamika gedurende die vakansie en die skielike druk van hoë persoonlike verwagtinge en nuwe doelwitte kan 'n teelaarde vir seisoenale depressie wees, veral as vorige jare se ideale onbereik gelaat is.

Tipiese kenmerke van hierdie toestand sluit in 'n merkbare verlies aan motivering. Dinge waarvoor jy gewoonlik lus was, voel skielik soos 'n opdraande stryd. Slaapsteurnisse is ook 'n groot rooi lig, of dit nou behels dat jy te veel slaap, sukkel om op te staan, of smiddae ongewone slapies vang. Dr. Erasmus beklemtoon dat die pad na herstel begin by 'n gesprek met 'n professionele persoon en die skep van orde in jou daaglikse roetine. Vir selfgedrewe mense is dit noodsaaklik om gereeld "voorraadopname" van hul eie welstand te maak. Sy vergelyk 'n gebalanseerde lewe met 'n tafel wat op vier stewige pote rus: fisiese, emosionele, geestelike en omgewingsfaktore.

Op fisiese vlak is beweging deurslaggewend. Stap help die liggaam om endorfiene, serotonin en dopamien af te skei – die brein se natuurlike chemikalieë wat gemoed lig. Dit is ook raadsaam om jou algemene gesondheid te laat nagaan; soms voel mense veiliger om eers by 'n huisdokter aan te klop vir bloeddruk of vitamientekorte voordat hulle 'n psigiater sien. Hou ook jou eetgewoontes en slaappatroon dop – vermy te veel kafeïen of energiedrankies wat jou stelsel kan ontwrig.

Emosioneel moet jy waak teen isolasie. Reik uit na vriende of raak betrokke by kreatiewe aksies soos inkleur, 'n breigroep of selfs water-aerobics. Geestelik is dit belangrik om te besin oor wat vir jou persoonlik waarde gee, of dit nou deur 'n selgroep, kerk of stilte is, veral wanneer jy voel dat jy alleen gelaat is. Jou omgewing speel ook 'n reuse rol. As die werkplek toksies voel, moet jy dalk die moed skraap vir 'n gesprek oor werkslading. By die huis kan klein veranderinge soos om gordyne oop te trek, ligte aan te skakel of selfs skottelgoed op te ruim, jou gemoed help lig. 'n Gesinsdinkskrum is ideaal om uitdagings positief te herformuleer.

Wanneer dit by kinders kom, manifesteer depressie dikwels deur veranderinge in skoolpunte of onttrekking na hul kamers. Dr. Erasmus raai ouers aan om eers 'n pediater te raadpleeg om fisiese oorsake uit te skakel. Sy glo sterk daaraan dat ouers bemagtig moet word om 'n sistemiese balans tussen huis en skool te skep, aangesien geen kind lank met onbehandelde depressie moet loop nie. Neurologies gesien beïnvloed depressie die afskeiding van goedvoelhormone, en in sulke gevalle kan mediese behandeling in samewerking met psigoterapie nodig wees om "snellers" te identifiseer en hanteringsvaardighede aan te leer.

Hoewel trauma soos verlies, egskeiding of verhuising steeds die grootste faktore vir 'n insinking is, moet enige voortdurende lae gemoed, gewigsverlies of selfmoordgedagtes ernstig opgeneem word. Trauma kan tot depressie lei as dit onverwerk bly. Seisoenale depressie is nie iets wat almal tref nie, en dit kom en gaan dikwels, maar die kern is gereelde selfondersoek. Daar is altyd hoop en hulp beskikbaar; niemand hoef in stilte te ly nie. Deur voorkomend "lig te reis" en na die balans van jou "vier tafelpote" te kyk, kan jy weer heling vind.

Kontak Erasmustherapy se spreekkamer by 067 231 1223 per Whatsapp of besoek www.erasmustherapy.com of stuur jou e-pos na info@erasmustherapy.com.






Foto: Lucinda du Toit

Dr. Karlien Erasmus

# Diensdialoog in April

Kommunikasie en kliëntedienskursus in April

Drie van Orania se inwoners wat gereeld met ander Oraniërs, besoekers en belangstellende persone op sosiale media of direk moet kommunikeer, het koppe bymekaar gesit om oor die noodsaaklikheid van kwaliteit diens te gesels. Daarom sal Diensdialoog in April aangebied word.

Frans se Klerk, kommunikasiebeampte van die Orania Beweging, Burger Lambrechts, hoof van kommunikasie by die Orania Dorpsraad en Dia van Staden, redakteur van Koerania, is dit eens dat kliëntediens gereeld opgeskerp moet word sodat Orania kan uitblink wanneer toerisme op nasionale en internasionale besoekers se lippe is.

Hulle het na verskeie vrae gekyk wat voortdurend deur mense oor Orania gevra word. Die geldige vrae is van die skoorsoekvrae geskei sodat daar gekoukus kon word oor feitelike antwoorde op spesifieke vrae.

Volgens Frans is Orania 'n projek wat aan Afrikaners behoort. Burger beklemtoon dat die Groot Trek al gewys het dat die Afrikaner krities teenoor standaarde staan. Dia het die gedurige kwessie dat Orania duur is aangeraak en daar is ooreengekom dat 'n vryemarkstelsel baie ruimte laat vir die aanpas van pryse.

Dié drie kry gereeld die vraag of die Paul Krugerbeeld aanbid word. Hulle sê: "Ons Klein Reus kyk vanaf die monumentkoppie uit na die toekoms. Die ander beelde, soos Paul Kruger se gedenkbeeld, is deel van ons vryheid en geskiedenis. Ons aanbid geen beeld."

Op 27, 28 en 29 April vanaf 09:00 tot 13:00 sal Dia van Staden namens Bo-Karoo Opleiding en Diamant Kommunikasie en Opleiding 'n kursus in kommunikasie en kliëntediens aanbied. Die kursus sal veral vir ontvangspersoneel, kelners, persoonlike assistente en ander eerstekontakpersoneel aangebied word.



Burger Lambrechts, Dia van Staden en Frans de Klerk

Tydens die kursus sal persone ingelig word oor die feite en flaters van vrae oor Orania, die versterking van kommunikasievermoë, belangrikheid van kwaliteit dienslewering plus emosionele intelligensie en praktiese oplossings vir uitdagende kliëntesituasies.

Die kursusfooi vir die 3 dae, 4 ure elke dag, sal R1 500-00 per persoon beloop, wat kursusmateriaal sal insluit. Beperkte plekke is beskikbaar en individue of personeel van instellings moet dus wikkel om te registreer.

Registreer jou plek by bko.co.za of stuur 'n e-pos na karin@bko.co.za met navrae. Skakel 053 1100620 indien jy meer inligting benodig.






# BKO stel uitgebreide werkswinkel bekend

## ONS BREI UIT: MEER SPASIE, MEER VAARDIGHEDE!

By BKO glo ons nie aan stilstaan nie. Die vraag na topgehalte vakmanne neem toe – en ons kampus groei saam.

Ons is trots om die nuwe, uitgebreide Elektries-werkswinkel op Technika-kampus bekend te stel. Met ekstra kantoorruimte én 'n modern lesingslokaal skep ons doelbewus plek vir groei en gehalte-opleiding. Só kan ons nóg meer studente toerus om meesters van hul ambag te word.

NUWE GELEENTHEID:

Danksy hierdie uitbreiding kondig ons met trots 'n tweede inname vir 'n addisionele 20 Elektries-studente in Julie aan!

"Hierdie fasiliteite stel ons in staat om studente prakties en doelgerig voor te berei vir die werklikheid van die werkplek." – Johan Klinck, Departementshoof: Tegnies

'n Opregte dankie aan ons kontrakteurs, vennote en die breër gemeenskap wat gehelp het om hierdie visie te bou. Saam belê ons in volhoubare vaardighede en 'n sterker toekoms.




Danie Zietsman - Lektor



Paul Vogel

Johan Klinck

Hanlie Pieters



# 10 VRAE AAN...

# Derrick Venter

### EIENAAR VAN BEIDE 'STORM', EN 'DRIP DRAAI'



STORM SAGTEWARE

DRIP DRAAI

**1. Hoe lank is jy in Orania en wat het jou hierheen gelok?**

Ek woon sedert 2022 in Orania. Wat my hoofsaaklik gelok het, was die ongelooflike groeipotensiaal vir nuwe besighede. Dit is 'n unieke omgewing waar mens die vryheid het om in jou eie taal te bou en 'n direkte bydrae tot jou eie mense se ekonomie te lewer.

**2.Wat doen jy om 'n inkomste te verdien?**

Ek is 'n entrepreneur wat passievol is oor nuwe tegnologie. Saam met my vrou, Danelle, bedryf ek 'n mobiele karwas wat deurlopend groei. Terwyl ons fokus op die bestuur en uitstekende kliëntekommunikasie, het ons 'n toegewyde span wat die voertuie se was met hoë gehalte voltooi. Daarbenewens het ek in 2025 Storm gestig, 'n sagtewaremaatskappy wat besighede help met digitale oplossings en aanlyn teenwoordigheid. Tans bestuur ek ook die webblaaie en sosiale media vir vyf ander besighede as deel van Storm se dienste.

**3. Motors kan nie skoon bly in Orania nie. Waarom Drip Draai?**

Juis omdat dit uitdagend is om motors hier skoon te hou, is ons diens onontbeerlik! Ons fokus op gerief en kwaliteit. Met ons uitstekende span en mobiele model, sorg ons dat kliënte se voertuie op 'n hoë standaard bly sonder dat hulle hul eie dag hoef te onderbreek.

**4. Wat is jou mening oor die aanwending van AI in besigheid?**

AI is 'n kragtige hulpmiddel as dit reg ingespan word. Vir my gaan dit oor effektiwiteit. Dit help om herhalende take te outomatiseer sodat mens kan fokus op kreatiewe probleemoplossing en strategie. Dit is nie 'n plaasvervanger vir mense nie, maar 'n manier om ons vermoëns te vergroot.

**5. Wat doen jy wanneer jy verveeld is?**

Ek glo nie regtig aan ledigheid nie, maar as ek voel my produktiwiteit daal of ek het 'n breek nodig, skakel ek alles af. Ek spandeer dan eerder kwaliteit tyd saam met my vrou. Dit herlaai my batterye sodat ek weer met volle fokus kan terugkeer kantoor toe.

**6. Hoe wend jy sosiale media aan om jou werkstake te vergemaklik?**

Ek gebruik dit as 'n strategiese kommunikasiekanaal. Dit is die vinnigste manier om met die gemeenskap te skakel, vertroue te bou en dienste sigbaar te stel. Vir my gaan dit oor doelgerigte plasing eerder as om tyd daarop te mors. Dit moet 'n bate vir die besigheid wees.

**7.Waarom sou jy 'n webwerf vir 'n besigheid aanbeveel?**

In vandag se tyd is jou webwerf jou digitale winkelfront. Dit verleen geloofwaardigheid en sorg dat jy 24/7 bereikbaar is vir kliënte, selfs terwyl jy slaap. Sonder 'n webwerf bestaan jy basies nie in die moderne mark nie.

**8. Wat sou jy doen as ESKOM en Orasol nie daar was nie en beurtkrag aanhoudend gebeur het?**

As entrepreneur pas mens aan. Ek sou waarskynlik vinnig moes belê in onafhanklike kragstelsels soos sonkrag en batterye om my sagteware-ontwikkeling en aanlyn dienste aan die gang te hou. Kontinuïteit is onvermydelik as jy besluit het waarnatoe jy wil gaan en nooit stop nie.

**9. Is Orania 'n plek vir jong paartjies? Waarom?**

Absoluut, maar Orania is nie 'n vakansieoord nie, dis 'n bou-projek. Vir jong paartjies is hier ongekende geleenthede, mits jy die regte ingesteldheid het. Die realiteit is dat jy bereid moet wees om jou plek hier uit te kap. As jy nie 'n natuurlike probleemoplosser is nie of vinnig moed opgee wanneer dinge druk, gaan die omgewing nie vir jou werk nie.
Niemand gaan vir jou geleenthede op 'n skinkbord aandra net omdat jy hier is nie. In my ervaring is Orania die plek vir die Afrikaner wat werklik wil. Iemand wat wil werk, wil groei en voluit wil lewe. Hier is nie ruimte vir laatslaap of verskonings nie, maar vir diegene wat bereid is om moue op te rol en te wys wat in hulle steek, is daar geen beter plek op aarde om 'n toekoms te bou nie. Dis 'n plek wat die beste uit jou haal, as jy sterk genoeg is om dit aan te pak.

**10. Wat is jou persoonlike voorneme vir 2026?**

My fokus is op doelgerigte groei en skaalbaarheid. Ek beplan om teen die einde van 2026 my eerste aanstellings by Storm te maak sodat ons 'n vlak hoër kan beweeg. Ek glo vas dat mens met goeie beplanning en absolute fokus 'n dag se werk in twee ure kan voltooi. My doel is om elke uur te laat tel, tydmors uit te skakel, en 'n nalatenskap te bou wat wys wat moontlik is as jy aanhou bou.

E-pos: stormmailcompany@gmail.com
Web: stormsoftware.co.za







PEKANKONFERENSIE A-Z ORANIA



# 15 & 16 April 2026

Banketsaal, Orania

Die A-Z Pekankonferensie word vir die derde jaar aangebied en het reeds gevestig as 'n prakties-gefokusde leerplatform vir pekanneutprodusente en plaasbestuurders wat hul boorde meer winsgewend en volhoubaar wil bestuur.

## HOOGTEPUNTE VAN ONS SPREKERS:

**Danie Coetzee**
Die rol van biomassa en hernubare energie en die geleenthede wat dit vir landbou skep.

**Saniek Du Toit**
Praktiese snoeibestuur, insluitend boomvorming, ligbestuur, seleksie, vernuwing en somersnoei.

**Jean Kuiper**
Geïntegreerde bestuur van die mot-kompleks met fokus op volhoubare plaagbeheer en effektiewe spuitprogramme.

**Johan Coetzee**
50 waardevolle lesse en insigte oor wat ons reeds van pekanneute geleer het.

**Dr. Elmi Lötze**
Die rol van koolhidrate in plantweerstand en hoe energie- en koolhidraatbestuur boordprestasie kan verbeter.

**Francois Slabber**
Die belangrikheid van die korrekte voeding vir pekanneute

www.azpekan.co.za
063 991 4408 (WhatsApp)
087 092 6618
a-z@pekan.co.za

**Vir meer inligting of besprekings, kontak ons gerus.**


VERKOPE NOU
VINNIGER AS OOIT
STORM
STORMSOFTWARE.CO.ZA


MANNE-AAND
By die Bloustoor
20 Februarie 2026
17:30
R200 per persoon
OF
R2400 per tafel
(12 persone per tafel)
VEILING
JAG PAKKETTE
KONTANT KROEG
Kontak Suné: 071 248 7978
Johan 082 737 6325
Ten bate van Huppelkind Dagsorgsentrum
Huppelkind
DAGSORGSENTRUM


ORANIA CVO DEUR DIE GELOOF
Orania CVO-skool bied aan
PA EN SEUN KAMP
Kry jou tent gereed en kom geniet 'n kamp onder die sterre. Ons nooi graag alle kleuters - graad 7-seuns om saam met hul pa hierdie geleentheid by te woon.
6 - 7 Maart 2026
5 n.m. - 10 v.m.
Op 'n plaas 4km buite Orania.
Hou die datum oop!
Kaartjies kan vanaf 11 Februarie by Juf. Chantal en Juf. Carla gekoop word.
R100 pakket vir pa en seun.
R20 vir elke bykomende seun.
Pakket sluit die volgende in:
•Hout
•Pap en sous
•Koffie en beskuit
•Aktiwiteit
Navrae:
Juf. Chantal - 072 382 8508
Juf. Carla - 063 775 7924

GRONDLYN

# Staan vas in die vryheid van Christus

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

– dr Wikus Buys



"Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie." Gal. 5:1.

Vryheid kan op die lippe wees, maar soms weg uit die hart verdwyn. Vryheid is 'n geskenk, wat opgepas moet word. Vryheid is 'n gawe wat in agterlosigheid verloor kan word. Die brief wat Paulus aan die Galasiërs skryf, handel in die besonder hoe mens vry word van jou sonde voor God.

**Regte en verkeerde manier**

In daardie gemeente was daar twee maniere van dink oor die saak. Daar was diegene wat uit die heidendom bekeer was. Vir hulle het die Christene gesê wat uit die Jodedom bekeer is: julle moet steeds die Ou Testamentiese reëlings hou, om 'n Christin te kan wees. So het hulle vereis dat die nuwe Christene byvoorbeeld eers besny moes word om te wys hulle is regtig gelowiges.

Hierteen antwoord Paulus baie skerp. Paulus wys dat daar 'n regte en 'n verkeerde pad is. Om jou geregtigheid voor God te soek deur wette te onderhou, soos die besnydenis reël, is nie reg nie.

**Deur geloof alleen gered**

Iemand word alleen gered deur die geregtigheid van die geloof. Dit beteken dat Christus se kruis en opstanding so vir jou waarde het. Jou geloof verbind jou aan Christus en wat Hy gedoen het tel dan asof jy dit self gedoen het. Dus sê Paulus as iemand geregtigheid voor God soek deur allerhande wette te wil onderhou, dan het so iemand nie deel aan Christus nie. Die enigste weg tot redding is deur die geloof in Christus, nie deur wette en reëls te onderhou nie.

**Ware vryheid is 'n geskenk**

Dit is die ware vryheid. Vryheid is wanneer God aan jou vergifnis gee van al jou sondes op grond van wat Christus gedoen het, en jy dit werklik glo. Hierdie vryheid is die egte vryheid wat as 'n geskenk gegee word en wat nie verdien word deur iets wat jy van jou kant af doen nie. Wanneer mens ware vryheid besit deur geloof alleen, beïnvloed dit jou hele lewe. Dit raak ook al die lewe se fasette. Wanneer mens eers vry geword het in Christus deur geloof, moet jy in dié vryheid vas staan. Jy moet op jou pos bly, jou roeping uitvoer. Jy moet die vryheid oppas en dit nie weer uit ou hande laat glip nie. Jy moet nie weer in kettings gebind en 'n slaaf van enige iets of iemand wees nie.

**Geloof – ook geskenk**

Mens word deur God vrygemaak van sonde en sondeskuld. Hy doen dit deur Jesus Christus se kruis en opstanding. Dit word jou deel slegs wanneer jy dit in die geloof jou eie maak. God self gee hierdie geloof, selfs dit is nie ons eie werk toedoen nie (Efes. 2:8). Die Heilige Gees werk die geloof deur die Woord. Dan is jy vry om te doen met jou lewe wat God daarmee wil doen. Vryheid is kosbaar. Vryheid is duur – dit kos immers Jesus Christus se lewe. Vryheid is om los van sonde vry te wees om God met jou hele lewe te aanbid en dien.

BOEK RESENSIE

# Die avonture van Helga Roets

Fiksie deur Riaan Grobler

– Dia van Staden

Helga Roets bots gereeld met haar dogter, Celeste, omdat haar dogter beweer sy is 'n gevaar op die pad. Makulêre degenerasie is by haar gediagnoseer, maar Helga laat haar nie sommer so muilband nie. Sy is 'n vrou met 'n wil van haar eie en daar is niks met haar kop verkeerd nie.

Stefaans is 'n moedige en besadigde afgetrede dokter wat hom oor haar ontferm, maar hulle reis verloop met baie avontuur en staaltjies wat jou sal laat skaterlag nie. Hul avonture begin met twee begrafnisse in Gauteng en 'n troue in die Kaap. Selfs daardie gebeurtenisse lewer verrassings op!

Die afgelope ses jaar in die Silwerhare Aftreeoord het Helga aan die gang gebly en sy is nie nou van plan om vir die dood te wag nie. Helga se karakter is op 'n bekende tannie Hettie Koch geskoei. Riaan het haar leer ken toe hy as student by hul loseer het. "Tannie Hettie is 'n statige vrou met haar pienk hare. Sy beindruk my nog altyd!" Hettie was gou om by te voeg dat sy darem nie in die werklike lewe so stout en soms voortvarend soos Helga is nie.

Riaan het as skolier gereeld by ouma Willie by die Silwerhare Ouetehuis in Pietersburg gekuier en daar het baie stories al sy verbeelding aangegryp. Helga Roets is dalk aan die verkeerde kant van 80, maar jy kan haar steeds deur 'n ring trek. Helga geniet nog 'n besoek aan die winkels en 'n sekere koffiewinkel bly 'n gunsteling kuierplek vir haar en vriende.

Die storie gaan oor verwerping, verlies, omgee, oudword, geesgenote en liefde wat hoop bring. Haar sê-goed en belewenisse laat elke bejaarde persoon onthou dat ouderom net 'n getal is, en dat die lewe voluit geniet en geleef moet word!

Tydens die formele bekendstelling van die boek is daar heerlik by Monte de Dios in Pretoria gekuier. Nadine, Ruan Josh, Fatman, Jennifer Zamudio en Jomari Beukes het opgetree om die aand se fleur te beklemtoon.

Riaan toer tans in die Kaap waar verskeie bekendstellings gehou word.

Kry jou kopie, uitgegee deur Human & Rosseau Uitgewers, beskikbaar by alle bekende boekwinkels.



Riaan by Hettie Koch, op wie die karakter van Helga geskoei is.

Foto's: Dia van Staden




Aanhanger, René Reinecke het heerlik saam met Fatman gekuier



Jennifer Zamudio





Nadine



Dia van Staden, redakteur van Koerania, was by die bekendstelling en het ook 'n gesprek met Riaan by 'n bekende boekwinkel gelei.




Eben Pienaar, Dia van Staden en Riaan Grobler.

# Skryfkompetisie!

Ink Skryf in Afrikaans is 'n internasionale kompetisie wat Afrikaans bevorder onder jong, opkomende en gevestigde Afrikaanse skrywers en digters. Hierdie nie-winsgewende organisasie het 10 jaar gelede die lig gesien as brein-baba van een van Orania se eie inwoners, Anzé Bezuidenhout. Anzé het 'n besondere passie vir Afrikaans en is self 'n skrywer van formaat met 'n hele paar gepubliseerde boeke en digbundels op haar kerfstok.
Hierdie jaar is egter merkwaardig, want haar kompetisie het amptelik sy baba skoene ontgroei. Hierdie jaar is die 11de jaar wat dit aangebied word en jaar na jaar word die deelnemers meer en die kompetisie strawwer.
Ink skryf in Afrikaans bestaan uit 4 bene. Eerstens is daar die facebook blad. Hier word weekliks temas verskaf waaraan lede kan deelneem. Skrywers mag deelneem in beide die gedigte afdeling of kort stories. Uit hierdie weeklikse wenners word dan elke maand ook 'n maandwenner in elke afdeling aangewys en hierdie maandwenners ding dan aan die einde van die jaar mee vir die algehele wenner. Mense wat die blad wil besoek kan gaan loer by https://www.facebook.com/groups/InkSkryfAfrika ans
Die tweede been bestaan uit die webblad. Hier kan skrywers en digters OF aan die maand temas deelneem OF kies om vrye teuels aan hulle gedagtes en talente te gee. Die webblad is beskikbaar by www.ink.org.za
Derdens kom ons by die Ink Skryf in Afrikaans kompetisie. Hier word skrywers en digters genooi om oor 'n tydperk van ongeveer 3 maande hulle werk in te stuur, waarna dit deur 'n paneel onafhanklike beoordeelaars bekyk word.
Die hoogtepunt vind plaas tydens die jaarlikse gala-aand aan die einde van die jaar wanneer al die wenners van die verskillende kompetisies vereer word vir hulle werk.
Anzé het egter einde verlede jaar nog 'n nuwe baba geskep deur die aanlyn tydskrif Inkpols tot stand te bring. Hierdie tydskrif is vol lekkerlees artikels, gedigte en stories, onderhoude en soveel meer. Kom meer te wete van hierdie tydskrif deur 'n epos te stuur aan anzebez@gmail.com.
Ink is ook goed verteenwoordig op ander sosiale media platforms soos YouTube, waar videos geplaas word van lede se gedigte en stories. https://www.youtube.com/@InkLuister en selfs ook op Tiktok by @inkskryfinafrikaa8.
Anzé, wat saam met haar man in Oktober 2025 hulle intrek in Orania geneem het, weet nie van stilsit nie en haar passie vir Afrikaans leef sy elke dag ten volle uit.



Foto: Verskaf
Anzé Bezuidenhout


# KKNK 2026 vier 30 jaar al fees in Oudtshoorn

Dia van Staden

Bekroonde teaterproduksies, kunstenaars en regisseurs is volop op die program vir die 30ste KKNK op Oudtshoorn. Die KKNK bied die afgelope drie dekades 'n platform vir Suid-Afrika se voorste teaterproduksies en teatermakers en die 2026 fees is geen uitsondering nie. Vanjaar word die KKNK, van Saterdag 28 Maart tot Saterdag 4 April op Oudtshoorn aangebied.
Onder die aanbod van bekroondes wat 'n draai in die Klein Karoo maak tel dramas, komedie, musiek,



dans- én kinderteater. Ek is nie Danie met Albert Pretorius en Schalk Joubert is bekroon met vier Woordtrofees by die Stellenbosch Woordfees in 2025 – beste toneelstuk, beste teksverwerking en/of samestelling (Danie Marais), beste manlike speler (Pretorius) en uitsonderlike tegniese bydrae vir Joubert se regstreekse klankontwerp.
Dana Snyman se Seun met Wilhelm van der Walt en onder regie van Nico Scheepers, is bekroon met vyf pryse by Aardklop 2025, waaronder beste toneelaanbieding, beste regie en gehoorgunsteling. Dié drama was ook bekroon met die Woordtrofee vir beste eenpersoonsvertoning by die Stellenbosch Woordfees in 2025. Frank Opperman is terug op die verhoog in Reünie, bekroon met die kykNET



Fiësta-prys vir beste akteur vir sy spel in dié komediedrama. Chris Vorster se Gebou soos Steffi Graf is in 2025 by die Vrystaat Kunstefees bekroon met die Vryskitter-prys vir beste vertolking en beste stelontwerp. Alfred Adrian se stand-up-vertoning Positive Strokes is bekroon met die Aardklop UitKlop-prys in 2025. Mandri Sutherland, oftewel Vroudrie, was bekroon as beste aktrise en vir grensverskuiwende werk by die Vrystaat Kunstefees in 2023. Sy is by die KKNK te sien in Vrou ens. 1.2. Oudtshoorn se eie Karoo Kaarte-span, agter veelbekroonde produksies soos Die Swartmerrie en Droomkraan Kronieke, is terug met 'n splinternuwe drama, Spoel wat lewe kry uit dié KKNK-projek se navorsing.
Feesgangers kan ook uitsien na die Zip Zap Circus se eerste optrede by die KKNK met MOYA. Dié geselskap is oor die jare bekroon met verskeie pryse, as uitsonderlike sirkus geselskap en vir hul sosiale impak. Hierdie erkenning sluit pryse van die Wes-Kaapse regering, BASA én die International Circus Awards in.
Die musiekprogram sluit bekroondes in met Stephanie Baartman en pianis Janine Neethling op die verhoog in Hoort, wenner van die Woordtrofee vir uitsonderlike bydrae tot kontemporêre musiek: klein groepe by die Stellenbosch Woordfees in 2025. The Scullery Quintet se Stir-Fried Sonatas was die wenner van die Aardklop-pryse vir beste musiekgedrewe produksie, asook grensverskuiwende werk.
Winand Grundling is welbekend onder KKNK-gehore as orrelis en reeds met drie Kannas bekroon – hy is vanjaar as pianis op die verhoog in A Victor Borge Tribute.
Bekroonde kinderteater is ook ingesluit, met Laerskool Durbanville se Potloodsakkie: Agter die zip, wat een van ses laerskoolproduksies was wat deel geneem het aan die ATKV-



Tjokkertoneelfinaal by die Baxter-teater in 2025.
Addisioneel tot dié talle bekroonde produksies, is verskeie produksies en kunstenaars ook benoem vir pryse. Hieronder tel Breyten Breytenbach se drama Boklied, benoem vir vyf Woordtrofees by die Stellenbosch Woordfees in 2025, waaronder beste produksie en beste regie. Op die verhoog is De Klerk Oelofse, David Viviers, Obed de Koker, Ntombi Makhutshi, Wian Taljaard, Keagon Cochrane, Hannah Borthwick, Jurgen McEwan en Ben Albertyn, onder regie van Marthinus Basson. Magda Louw en haar Erhard: How Louw can you go? was 'n topverkoper by die Vrystaat Kunstefees in 2025 en benoem vir vier Aardklop-pryse, waaronder beste toneelaanbieding. Hannes van Wyk en Desiré Gardner deel die verhoog.
Beste van alle tye met Ané Koegelenberg en Christie van Niekerk was benoem vir die Kanna vir beste komedie én beste Blitsteater-aanbieding by die KKNK in 2025 en is nou op die verhoog as 'n vollengte teaterproduksie.
Doolhof met Minke Marais en Vian Singleton, met teks en regie deur Robert Kruger, is benoem vir vier Aardklop-pryse in 2025 - beste aktrise (Marais), beste regie (Kruger), beste aanbieding toneel en beste nuutgeskrewe Afrikaanse teks (Kruger).
Feesgangers het 'n wonderlike geleentheid om al hierdie bekroonde produksies, kunstenaars en regisseurs in die Klein Karoo te sien.
Die volledige program vir die 30ste KKNK, is aanlyn beskikbaar by kknk.co.za. Kaartjies is te koop by Webtickets of die KKNK se kantoor. Vir meer inligting, besoek kknk.co.za of kontak 044 203 8600, info@kknk.co.za of stuur 'n WhatsApp na 065 285 2337.

# Werner van der Hoven



Dia van Staden

Dit was nie Werner van der Hoven se eerste besoek aan Orania toe hy vir die BKO-afskopkonsert by Stokkiesdraai Avontuurpark opgetree het nie. Hy vertel dat hy rondom 2016/17 as deel van Ses Snare met 'n vertoning in die gemeenskapsaal hier was.
"Ek ervaar die dorp en die studente as vreeslik gasvry, trots op hulle dorp en prestasies, vriendelik, opgewonde en entoesiasties." Sy tweede besoek was weer 'n hoogtepunt.
Werner geniet 'n stukkie country en bluesmusiek wanneer hy self die geleentheid kry om te kies waarna hy wil luister. "Dit is eerlike en opregte musiek wat jy kan hoor," deel hy. Hy beaam dat die publiek nie geflous kan word met "bubblegum" musiek nie.
Hy gooi so stukkie humor in op die vraag of daar 'n genre is wat hy glad nie sing nie. "Kubaanse musiek, want ek praat nie Spaans nie," lag hy saam. As Werner tuis is is hy stil, rustig, sny gras, kla oor die hitte in die somer en kla oor die reën en koue in die winter. Hy haat egter 'n vlieg en 'n muskiet, en kla dus beslis die heel meeste daaroor!
Daar is nie net een kunstenaar wat hy kan uitlig as 'n gunsteling nie. "Enige iemand wat opregte en eerlike musiek maak, skat ek, en wat hard werk en dalk nie al die talent het nie, maar wat 120% effort insit."
Die sosiale media aspek van die Suid-Afrikaanse musiekbedryf is vir hom die mees uitdagende. "Ek sukkel maar nog om op daai wa te klim en gemaklik te sit. Dit verg rêrig baie aandag en tyd asook vernuf om relevant en aangrypend te bly. Vir my in elk geval!"
Sy gunsteling optrede is daai een wanneer dit voel of die gehoor deel is van die lied, nie noodwendig saamsing nie, maar meer 'n absolute inkoop met waarmee jy besig is as 'n geheel.
Verskeie van die BKO-studente het hulle waardering vir sy talent en die lekkerte van sy musiek wat hulle al dansende geniet het, uitgespreek.




KOERANIA Sport






# SPORT GIDS

**Amateurstoei**
Tinus V Dyk @ 073 169 3505
Willem Strauss @ 0792990631
Dinsdae en Donderdae 16:00 tot 17:00 .Vir laerskool stoeiers ouer as 5 jaar
17:30 tot 19:00 vir hoërskool en senior stoeiers
Hoek van Olienhoutrylaan en Ysterklipstraat

**Atletiek**
Orania Atletiekklub
Christo Muller @ 083 628 0272
Tydtoets elke Woensdag
4km vanaf Gemsbok Instituut
18h00 in die somer en 17h30 in die winter
Tye word geneem vir ranglys



**Boogskiet**
Willem Jacobs
@ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Dans - Akrobaat/Modern/Hip-hop/Ballet**
Janél Cornelius @ 068 589 9227
Gemeenskapsaal se Sysaal
Maandae tot Donderdae - Kontak vir rooster per ouderdom en dansstyl

**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp groep). Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdag- oggende . 'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 0722419142
Orania Sportterrein
Dinsdae en Donderdae 15:00 tot 16:00


**Kirsten Balletskool**
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Saamstaan Sentrum
Woensdae en Donderdae 13:00-17:30 (klas 30-60min)
Oranjerivier Gimnastiekklub

**Muurbal**
Johan Scholtz @ 076 859 8082

**Jukskei**
Thinus van Dyk @ 073 169 3505
Jukskeibane by dorp se netbalbane
Maandae en Woensdae vanaf 17:30

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Paaldans en lugnastiek**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Saamstaan Sentrum
Maandae en Dinsdae
16:00 - 17:00 Lugnastiek
17:00 - 18:00 Paaldans
Woensdae
16:15 - 17:15 en 17:15 - 18:15 Paaldans
Donderdae
16:00 - 17:00 Kondisionering





**Perdry**
Jessica Bornman
@ 082 823 2541
Orania Perdryskool
Oewerlaan

**Pilates klasse vir dames**
Saamstaan Sentrum
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Ma en Don 07:00-07:45 en 17:15-18:00

**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703
Gemeenskapsaal. Tye wissel.




**Ritmiese Gimnastiek, Pom-poms en Strek**
Michelle Jacobs @ 0823400265
Saamstaan Sentrum
Maandae tot Vrydae, 13:30 – 18:00

**Rolbal**
Orania Rolbalklub
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Sportklub:**
Rugby, Netbal en Hokkie
Hendri/Marike Labuschagne
0724535577 / 0726042564

**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352



**Tennis**
Willie Steenkamp @ 082 490 4935
Orania Tennisbane, Pêrellaan
Saterdae om 16:00

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30







